## NOEL MALCOLM: BOSNIA. A SHORT HISTORY. Macmillan, Londen, 1994. £9-99, 340 p.

Malcolm Noel is 'n kenner van die Balkan en in besonder van Bosnië waar hy die afgelope 15 jaar 'n gereelde besoeker is wat ewe tuis is by Moslems, Kroate en Serwiërs . Hy het ook gereelde verslae vir die nuusmedia oor toestande in die gebied geskryf. Hy het 'n doktorsgraad in Geskiedenis aan die Universiteit van Cambridge verwerf.

In hierdie beknopte maar deeglike en intense bespreking van die geskiedenis van Bosnië van die vroegste tye tot 1993, stel hy hom ten doel om die talle mites en legendes wat in die histories-swangere Balkan oor die eeue geweef is, te probeer ontrafel. In dié verband is daar veral twee "mites" wat hy ter ruste wil lê. Die eerste is die etniese mite, die geloof dat die Kroate, Serwiërs en Moslems eie etnieë is met 'n eeu-oue etniese tradisie. Hy wys op die noue verwantskappe tussen dié drie en hulle gemeenskaplike etniese agtergrond. Die rol van saambindende en verdelende faktore word bespreek. In besonder vestig hy die aandag op die kerklik-godsdienstige verdeling wat veel dieper in die geskiedenis terug lê as enige etniese faktore. Hy bespreek ook die rol van die geskiedenis en wys op die tydperke van samewerking en van stryd wat daar bestaan het.

Die tweede "mite" is dié wat sê dat wat tans in Bosnië gebeur net die voortsetting van eeu-oue vetes en wedersydse haat tussen Moslems, Serwiërs en Kroate is. Hy toon aan dat die identifisering van die mense in Bosnië in hierdie drie identiteite in werklikheid eers van die einde neëntiende eeu dateer en dat dit tot 'n groot hoogte deur die oplewing en kragtige optrede van Serwiese nasionalisme geskep is. Teen hierdie agtergrond is dit Malcolm se standpunt dat die huidige gebeure in Bosnië nie as 'n onvermydelike produk van

die geskiedenis beoordeel moet word nie. Die rol van die historiese faktore moet nie geringgeskat word nie, maar dit is nie die bepalende faktor in die gebeure nie. Die twee bepalende faktore is die ineenstorting van Joegoslawië en die vakuum wat dit vir ambisieuse politieke groepe en leiers soos die Sosiaal-Demokrate (die gewese Kommunistiese Party) onder die Serwiërs en ekstreme nasionalistiese groepe onder die Serwiërs, Kroate en Moslems geskep het. Indien die ideaal van 'n Joegoslaafse identiteit kon behoue gebly het, kon die oorlog verhoed gewees het. Maar Malcolm gee toe dat die konsep van 'n Joegoslaafse lojaliteit en identiteit reeds in Tito se tyd - in besonder met die grondwet van 1974 - begin verbrokkel het. Die oorlog is in werklikheid die produk van 'n fyn uitgewerkte meesterstrategie wat deur Milosevic, Karadzic en Mladic gekoordineer en gemanipuleer word. Dit is daarop gemik om 'n homogene, oorheersende Serwiese staat in die Balkan tot stand te bring. Daarvoor word 'n strategie uit die ou kommunistiese handboek gebruik: infiltrasie, ondermyning en die skep van insidente om buitelandse (d.i. Serwiese) inmenging in Bosnië te regverdig.

Dit sou miskien juis as een van die belangrikste punte van kritiek teen Malcolm se boek ingebring kan word: hy beklemtoon Milosevic en sy strategie se rol so sterk dat hy die rol van ekonomiese toestande en van die Moslems en Kroate onderbeklemtoon. Hy is in sy finale ontleding te sterk ingestel op die aanwys, veroordeling en vonnis van 'n skuldige.

Die tweede punt van kritiek het betrekking op die ander skuldige wat hy veroordeel en vonnis: die Weste. Hy blameer hulle dat hulle meegewerk het om Joegoslawië as eenheid in duie te laat stort en dat hulle daarmee etniese lojaliteite vir onbeheerde optrede vrygestel het. Volgens hom het die Weste drie verdere groot foute gemaak: die wapenboikot teen Bosnië wat hom weerloos gelaat het, die Vance-Owen plan wat Serwiese aptyt versterk het en die skepping van veiligheidsgebiede sonder doeltreffende VN militêre beskerming. Dit is veral Brittanje en sy minister van Buitelandse Sake, Douglas Hurd, wat aan skerp kritiek onderwerp word. Nêrens oorweeg Malcolm die moontlikhede dat die oorlog wel, indien die Weste onverstandig sou optree, in 'n ernstige streekskonflik vir die hele Suidoos-Europa en die Midde-Ooste kan ontwikkel nie. As 'n mens dit in aanmerking neem, is die keuses wat die Westerse magte moet uitoefen, straks nie so eenvoudig nie.

Hierdie twee punte van kritiek weeg nie op teen die groot aantal positiewe aspekte van die boek nie. Die boek getuig van diepte-kennis (ook taalhistories), deeglike studie en navorsing, ewewigtige oordele en 'n besonder leesbare aanbieding.

PHK